higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 2

(6021032)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruiik is.
4. Begin elke vraag op ‘n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies ‘n item/woord uit KOLOM B wat by ‘n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A--J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Moenie sonder veiligheidsbril gebruik nie	A	tweeslagenjin
1.1.2	Die eerste stap voordat jy die band van die velling af verwysder	B	kontroleer zero-instelling
1.1.3	Deel van die hystoerusting	C	hidrometer
1.1.4	Dit veroorsaak prematuur laerfaling	D	onveilige toestand
1.1.5	Voltooi vier slae in een rotasie	E	saals
1.1.6	‘n Faktor wat tot ‘n ongeluk kan lei.	F	lekkende seëls
1.1.7	Kontroleer die kalibrering voordat jy dit gebruik	G	oorlading
1.1.8	Elektroliet	H	hoekslyper
1.1.9	‘n Oorsaak vir olieverbruik	I	blaas die band af
		J	waterpas

(9 × 1) (9)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs ‘waar’ of ‘onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Slegs lug word gedurende die inlaatslag van ‘n dieselenjin in die silinder ingetrek.

1.2.2 Die vorm van ‘n inligtingveiligheidsteken is rond.

1.2.3 Oliebymengsels verbeter die werkverrigting van die enjinolie.

1.2.4 Teenwrywingslaers het nie enige smering nodig nie.

1.2.5 Magnesium is een van die materiale wat gebruik word om wielvellings mee te vervaardig.

(5 × 1) (5)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord uit die lys hier onder in te vul. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.4) in ANTWOORDBOEK neer.

veiligheidsbril; draaitafel; sleutel; dresseer-; gereedskaprus

1.3.1 Verwyder die … van die kloukop voordat die boor aangeskakel word.

1.3.2 Dra altyd ‘n … wanneer met ‘n staanboor gewerk word.

1.3.3 Die … op ‘n bankslyper moet altyd so na moontlik aan die steenskyf gestel word.

1.3.4 Hou die slypsteen netjies bygewerk deur ‘n … gereedskapstuk te gebruik.

(5 × 1) (5)

1.4 Daar is verskillende klasse brande.

Noem enige DRIE tipes brand wat in ‘n motorwerkswinkel kan voorkom. (3)

1.5 Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid om die gesondheid en veiligheid van werknemers te beskerm.

1.5.1 Wat beteken die afkorting BGV (‘OHS’)? (1)

1.5.2 Noem TWEE verantwoordelikhede van die werknemer in verband met die wet. (2)

1.5.3 Noem TWEE verantwoordelikhede van die werkgewer in verband met die wet. (2)

1.6 Verduidelik kortliks waarom komponente teen dieselfde temperatuur gemeet moet word.. (2)

1.7 Noem TWEE afmetings wat met ‘n wyserplaatmeter geneem kan word. (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Noem enige VIER veiligheidsvoorsorgmaatreëls wat nagevolg moet word voordat ‘n voertuig met ‘n tweepaal hyser opgelig word. (2 × 2) (4)

2.2 Verduidelik hoe die lug/brandstofmengsel van ‘n tweeslag petrolenjin vanaf die inlaatpoort na die bokant van die suier beweeg word om saamgepers te word. (5)

2.3 Noem die onderdele wat vir die volgende funksies verantwoordelik is: .

2.3.1 Dit verhit die verbrandingskamer in ‘n dieselenjin.

2.3.2 Dit lewer die vonk om die lug/brandstofmengsel te ontsteek.

2.3.3 Dit maak die kleppe oop.

(3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

2.4 Beskryf TWEE verskille tussen *hidrostatiese* en *hidrodinamiese* smering.
(2 × 2) (4)

2.5 Verduidelik kortliks waarom krukkasventilasie in 'n enjin nodig is. (2)

2.6 Waarom moet 'n oliefilter volgens die diensskedules, gereeld vervang word? (2)

2.7 Verduidelik die werking van die viskose tipe verkoelwaaier. (4)

2.8 Noem EEN tipe waterverkoelingstelsel. (1)
[25]


VRAAG 3

3.1 Gebruik die beelde van die laers in FIGUUR 1 hier onder ten einde die volgende vrae te beantwoord.

3.1.1 Identifiseer en benoem die teenwrywingslaer.

3.1.2 Identifiseer en benoem die wrywingslaer.

3.1.3 Noem die las wat op laer B toegepas kan word.
(3 × 1) (3)



FIGUUR 1

3.2 Noem die DRIE voordele van magnesiumvellings bo staalvellings. (3)


3.3 Noem enige DRIE maniere hoe die versorging van voertuigbande die leeftyd van bande kan verleng wanneer daar behoorlik vir hulle gesorg word. (3)

3.4 Beantwoord die volgende vrae deur die inligting wat in FIGUUR 2 hier onder aangegee word, te gebruik:

3.4.1 Is hierdie band ‘n straallaagband of ‘n kruislaagband?

3.4.2 Wat sou die oorsaak van gelyktydige bandslytasie by punte A en B wees?

(2 × 1) (2)



FIGUUR 2

3.5 Werk met batterye kan gevaarlik wees.

Verduidelik enige DRIE gevare waarvan jy bewus moet wees wanneer met batterye gewerk word. . (3)

3.6 Noen enige TWEE dele van ‘n voertuigbattery. (2)

3.7 Verduidelik die toetsstappe wat gevolg moet word om te bepaal of die plate van ‘n battery gesulfateer is. (4)

3.8 Teken ‘n eenvoudige skets van elk van die volgende elektriese simbole:

3.8.1 ‘n Diode

3.8.2 ‘n Sekering

(2 × 1) (2)

3.9 Noem DRIE voorafkontroles wat op ‘n voertuig gedoen moet word voordat verstelling van die hoofligte gedoen word. (3)

[25]

VRAAG 4

4.1 Noem TWEE redes waarom die outomatiese transmissie ‘n filter in die vloeistofstelsel het. (2)

4.2 Jy word versoek om die olievlakke van ‘n agteraangedrewe voertuig na te gaan..

Noem enige TWEE olievlakke wat onder die enjinkap nagegaan kan word. (2)

4.3 Noem enige VIER gereedskapstukke wat jy sou nodig hê om ‘n diens op ‘n voertuig uit te voer. (4)

4.4 Noem DRIE redes waarop dit nodig is om ‘n na-operasionele kontrole uit te voer nadat die diens voltooi is. (3)

4.5 Noem enige DRIE veiligheidsitems wat jy tydens ‘n diens aan die buitekant van ‘n voertuig sou moes nagaan. (3)

4.6 Watter stappe sou jy moes volg om ‘n veiligheidsgordel na te gaan voordat jy kan sê dat dit in perfek werkende orde is? (4)

4.7 Noem TWEE take wat deel van jou voorbereiding van die voertuig vir ’n dienstaak is. (2)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou